Aan: Alle lidmate en alle kerke in GKSA
Van: Die Bestuur van die Administratiewe Buro – Potchefstroom
Insake: Meedeling oor gemeenskaplike sake
Datum: 15 Junie 2017

Ons deel graag die volgende met al ons lidmate en met al die kerke in die GKSA as ’n bydrae om kommunikasie tussen ons kerke te versterk.

1. Dit is begrotingstyd

1.1 Die Administratiewe Buro se nuwe finansiële jaar begin op 1 Julie 2017. Daarvoor moes begrotings afgehandel word in die laaste maande. Die doel van die begrotings is om voorsiening te maak vir die werk in wat deur deputate in opdrag van die algemene sinode gedoen word. Die begrotings vorm die grondslag vir die vasstelling van ramings wat dan deur die kerke oorbetaal word om die werk van die algemene sinode, te kan doen. Die bestuur van die Administratiewe Buro gebruik die begrotingsproses om te beplan om die administrasie van fondse effektief te bestuur, tot voordeel van al die kerke. O.a. is die vergrootglas oor alle ramings geplaas, binne die konteks van besluite van sinodes met die opdragte wat uit die besluite gevloei het. Byvoorbeeld: indien 'n opdrag (KO art 49) voltooi is, moet aanbevelings gemaak word, sodat die sinode kan besluit oor die verdere noodsaak van die betrokke ramings aldan nie.

1.2 Die aanvaarde ramings vir die nuwe finansiële jaar lyk so:

RAMING VIR:	Rand per belydende lidmaat per jaar: 2017	Rand per belydende lidmaat per jaar: 2018	% Aan-passing
NWU – Potchefstroomkampus	R2,25	R2,25	0%
BYBELVERTALING	R2,35	R0.00	
KERKARGIEF	R8,40	R8,99	7%
ADMIN BURO	R47,00	R50,00	6%
SINODALE KAS	R56,00	R56,00	0%
TEOLOGIESE SKOOL	R150,00	R150,00	0%
SUBTOTAAL	**R266,00**	**R267,24**	**0%**
THUSO	R15,00	R17,70	18%
GKSA Medies	R115,00	R129,00	12%
Emeritaatversorgingstrust (EVT)*	R271,08	R319,87	18%
SUBTOTAAL	**R401,08**	**R466,57**	**16%**
TOTAAL	**R667,07**	**R733,81**	**10%**

* Sien nota 1.3 onder.

1.3 Die bestuur van die Administratiewe Buro is deeglik bewus van vele kerke wat ernstige probleme het om hul ramingsverpligtinge na te kom en daarom poog die Administratiewe Buro, om, in oorleg met al die deputaatgroepe, die verhogings in ramings so laag as moontlik te hou. Die groot uitdaging bly egter die eervolle versorging van ons emeriti wat groot eise stel en daarom is die verhogings hiervoor, ver bo die inflasiekoers.

1.4 Kerke en lidmate moet asseblief onthou dat die ramings vir emeriti op 'n glyskaal werk en bostaande tabel is 'n aanduiding van sogenaamde "gemiddelde" aanpassing van ramings vir emeriti se versorging. Die werklike bedrag per gemeente word binnekort aan u gestuur. Die bestuur van die Administratiewe Buro onderneem om so gou doenlik na die einde van ons finansiële jaar, 'n video beskikbaar te stel wat lidmate en kerke meer agtergrondinligting sal gee oor ons kerk se finansies en ramings. Die video word opgeneem na die finale syfers beskikbaar is vir alle uitgawes en inkomstes vir die boekjaar wat op 30 Junie 2017 geëindig het.

2. Ander geldsake

2.1 Die Bestuur van die Administratiewe Buro werk hard om met kerke, klassisse en streeksinodes in verbinding te bly oor kerke wat agterstallig is met die betaling van ramings. In baie gevalle het daar positiewe resultate gekom vanaf kerke wat hulle uiterste bes doen om agterstallige ramings op datum te kry.

2.2 In 'n poging om reiskoste na vergaderings in Potchefstroom deur deputate te verminder, is daar nou telefoonkonferensiegeriewe beskikbaar op die grondvloer van die Administratiewe Buro se kantore in Potchefstroom. As die geriewe saam met rekenaargeriewe soos Teamviewer gebruik word, is die ondervinding dat effektiewe en sinvolle vergaderings gehou kan word teen 'n fraksie van die koste wat reiskoste en tyd, teweeg bring. Praat met dr Wymie in die verband.

3. GKSA se webwerf (www.gksa.org.za)

Die GKSA se webwerf is tot 'n groot mate ook nou ook in Engels beskikbaar. Kommentaar in hierdie verband, wat aan dr Wymie du Plessis gerig kan word, sal waardeer word.

Alle lidmate en alle kerke word opnuut uitgenooi om met ons kontak te maak. Kontak ons via dr Wymie du Plessis by wymiedup@gksa.co.za of by 018 297 3986.

Met beste wense

Louis Kruger
Voorsitter: Bestuur Administratiewe Buro